

# GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE – SONDAG 19 JANUARIE 2014 – AANDDIENS

## Voorafsang: Psalm 100:1-4 (p. 494)

- |   |   |
|---|---|
| 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!<br>Dien God met blydschap, gee Hom eer;<br>kom nader voor sy aangesig,<br>en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 Die HEER is God, erken dat Hy<br>'n eie volk vir Hom berei,<br>'n volk om Hom te dien en vrees<br>en skape van sy wei te wees.      |
| 3 Gaan deur sy poorte in met lof,<br>met lofsang in sy tempelhof;<br>kom in sy huis, o bondsvolk, saam;<br>verhef sy lof en prys sy Naam.       | 4 Want goedertieren is die HEER;<br>sy goedheid eindig nimmermeer;<br>sy trou en waarheid hou hul krag<br>tot in die laaste nageslag. |

Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

Geliefdes, genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofsang: Psalm 118:1, 2, 14 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.  
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.  
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,  
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 2 Loof, loof die God van ons verlange, / o almal wat die HERE vrees!  
Sing voor die HEER jul lofgesange, / en laat Gods volk nou vrolik wees!  
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,  
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.  
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.  
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;  
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

## Gebed

### Sing: Skrifberyming 4-7:1, 2 (3:1, 2)

- |  |  |
|--|--|
| 1 Neem nou maar, Heer, u kneg / na u belofte weg,<br>en laat hom gaan in vrede – / nou hy die saalge dag,<br>so lank deur hom verwag, / gesien het op sy bedede. | 2 'n Lig het opgegaan, / 'n helder stralebaan<br>skiet deur die donker wolke. / Dit is Immanuel,<br>die Vors van Israel, / die Lig van alle volke. |
|--|--|

## Skriflesing: Deuteronomium 31

**Teks:** Deuteronomium 31

**Tema:** Josua se aanstelling as leier van Israel

Wat definieer die kerk en wat definieer 'n Christen?

Om dit eenvoudig te stel, die antwoord is: die Woord van God. Die kerk is die afbeelding van sy Woord. Dit word op die Woord gebou en neem sy voorskrifte uit die Woord. Net so ook is Christene, ek en jy, mense van geloof in God se geopenbaarde Woord wat as belofte deur die Heilige Skrif bevestig word. God het die kerk en sy lede tot stand gebring en Hy is die een wat ons in stand sal hou tot aan die einde.

Maar hierdie Woord wat lewe bring, is nie wat die sondige mens nastreef nie ...

Daarom is dit nie vreemd dat sondaars na wêreldse dinge soek in die kerk en dit dan ook kry nie. In plaas van ware bediening van die Woord en sakramente gaan soek mense dikwels en vind hulle niks meer as 'n sterk persoonlikheid op 'n verhoog met goeie kommunikasievermoëns nie. In plaas van Christus-gesentreerde aanbidding met eerbied en ontsag gaan soek mense en vind kerke wat gevorm word deur simbole van ons individualistiese vermaaklikheidskultuur. Daarom moet Christene en amptenare in die kerk aanhou veg om nie toe te laat dat hulle geloof en aanbidding gedryf word deur die afgodsneigings van die wêreld, die vlees en die duiwel nie. Dit moet eerder gedryf word deur die Woord van God.

Hierdie oorlog teen verleidelike wêreldse dinge in die kerk is 'n baie ou een. Dit dateer terug uit die dae toe Israel nog in die woestyn was onder die leiding van Moses. Dit was in die tyd in Moab toe hulle vir die tweede keer die wet van die Sinai-verbond gehoor het. Hulle het reeds 'n hartseergeskiedenis van afgodery (dink aan die goue kalf in Eksodus 22). Nie net dít nie, God, deur Moses, waarsku en voorspel reeds Israel se toekomstige ontrouheid in die Beloofde Land.

In hierdie laaste hoofstukke van Deuteronomium finaliseer Moses die verbond, gebaseer op die Woord van God, met die Israëliete. Teen hierdie tyd het die volk van God reeds 'n selfvervloekende verbond afgelê om God se voorwaardes in die verbond na te kom. Aan die ander kant het God belowe om sy kant van die verbond na te kom en dit is dít: Hy sal Israel seën vir gehoorsaamheid en straf vir ongehoorsaamheid. Soos mens verder en verder in die boek Deuteronomium beweeg, val daar meer en meer klem op die broeiende ontrouheid van die volk – amper soos 'n vulkaan net voor hy uitbars. In hoofstuk 30 sien ons Moses wat profeteer oor die versekerde mislukking van die volk om die verbond na te kom, gevolg deur die vloek van en ballingskap deur God. Maar Moses voorspel ook hoop en herstel vir die toekoms.

In die deel wat ons vanaand gelees het, word Josua op 'n goddelike wyse geroep om die leiding by Moses oor te neem. Dit is een stap nader aan die onvoorwaardelike redding wat aan Abraham belowe is, ten spyte van Israel se huidige en toekomstige ontrouheid as 'n nasie. Soos Moses is Josua ook 'n tipe van Christus in die sin dat hy die koms van God se Seun verteenwoordig het. Die beloofde Messias sou kom om die verbond in die kerk te vestig. Jesus doen dit op dieselfde patroon as wat getroue mans soos Moses en Josua God se Woord bedien het. Die verskil is dat Jesus die vleesgeworde Woord van God is en die ware vervulling daarvan in sy lewe, sy dood en opstanding.

Die eerste ses verse handel oor die nakoming van die verbond tussen God en sy mense. Wat uitstaan in hierdie openingsverse is dat die verbond sal voortgaan sonder die groot man, Moses!

Broeders en susters, kinders, hierdie gebeur juis sodat Israel nie hulle vertrou in 'n mens stel nie maar eerder in God. Moses sê in vers 3:

**“Die Here julle God sal voor julle uit deur die Jordaan trek en Hy sal hierdie nasies voor julle uitroei sodat julle hulle gebied in besit sal neem Josua sal julle deurlei, soos die Here beloof het.”** (Deuteronomium 31:3 AFR83)

Die fundamentele waarheid vir Israel se toekoms en welsyn, en ook ons toekoms en welsyn, is dat God sy mense sal lei volgens sy Woord. Dit is God – nie 'n gewildheidswedstryd nie – wat die nuwe man, Josua, aanwysom Israel te lei. God sal die nasies voor hulle uitroei.

In vers 6 maan Moses die Israeliete om dapper te wees, moed te hou en nie bang te wees vir die vyande nie. Hoekom? Omdat hulle sterk genoeg is? Of omdat hulle 'n indrukwekkende leier het? Nee! Moses sê: “... **die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie.**” In vers 1-6 sê Moses nie minder nie as vier keer dat die Here met hulle sal wees.

In vers 7-8 gaan Moses aan met die tema van die nakoming van die verbond. Maar die fokus is op die aanstelling van sy opvolger, Josua. Hier maan Moses vir Josua om sterk en dapper te wees as hy die land binneval. Hoekom? Omdat hy sterk leierseenskappe het, 'n massa mense kan aanraak en sterk is onder druk? Nee! God het gesweer dat hy vir Josua en sy volk die beloofde land sal gee. God bevestig dat Josua dit in besit sal neem – vers 8: “**Die Here sal voor jou uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie.**” (Deuteronomium 31:8 AFR83)

In vers 9-13 verskuif Moses sy aandag na die voorlesing van God se Woord, wat die verbond bevestig wat God met sy mense gesluit het. Dit was die gebruik om die dokumentasie van antieke Oosterse sekulêre verdragte en verbonde in die heiligdom van die slawevolke te stoor – onder toesig van priesters en onder die oë van die gode. Die dokumente was getuie van die dinge wat die Siriese koning op sy mense afdwing. In die geval van God en sy volk, Israel, vind ons dat God Moses gebruik om die wet aan die ouderlinge en priesters oor te dra. God se wet was dan basies 'n herinnering vir die volk aan hulle verbondsverhouding en plig, wat toe kort daarna deur Josua bemiddel sou word.

In vers 10-11 gee Moses die instruksies dat die wet elke sewe jaar voorgelees moet word (dit sou bykomend wees tot die wet wat in elke erediens voorgelees en in die privaatheid opgesê moet word). Elke sewe jaar het die volk bymekaargekom vir Loofhuttefees. Hier het hulle dan die wet aangehoor sodat hulle kon leer om God te vrees en onderdanig te wees. Let op dat daar in vers 12-13 veral na die kinders verwys word wat nie wet ken nie. Hulle moet ook daarby baat om die wet te hoor sodat ouers en kinders herinner kan word aan God se beloftes en voorskrifte en dan ook aan die nodige toewyding aan hulle Koning.

In die tweede en laaste deel van hierdie hoofstuk sien ons die oproep van Josua, asook die getuienis van Moses, teen die afvalligheid van Israel. In verse 14-15 praat die Here met Moses oor sy dreigende dood en roep dan vir Josua na die tabernakel om hom aan te stel. Oorweeg net vir 'n oomblik die erns van die bevestigingsseremonie wat hier plaasvind ...

Moses en Josua gaan in die teenwoordigheid van die Here binne-in die tent van ontmoeting. Wanneer 'n Israeliet in die tabernakel ingaan, veral die tent van ontmoeting, gaan alles oor God. Alles en almal verskuif na die agtergrond. Moses en Josua is bloot instrumente in die hand van God soos Hy na die aarde neerdaal in 'n wolkkolom, wat die Heilige Gees simboliseer, om Josua as leier van die volk te salf. Die Here God is hier op die voorgrond om die behoud van sy verbond deur aangewese leiers te verseker. Later in vers 23 verklaar die Here weer aan Josua:

**“Wees sterk, wees dapper! Jy sal die Israeliete inbring in die land wat ek met 'n eed aan julle beloof het, Ek sal by jou wees.”** (Deuteronomium 31:23 AFR83)

Met vers 16 en verder keer ons terug na die ontnugterende klem in Deuteronomium, veral in die laaste hoofstukke van die boek. Eerstens sê die Here vir Moses dat hy gaan sterf. Daarna sê die Here:

**“Daarna sal hierdie volk ontrou word en in die land waar hy gaan woon, die vreemde gode van die land aanhang. Die volk sal My verlaat en die verbond verbreek wat Ek met hom gesluit het.”** (Deuteronomium 31:16 AFR83)

God profeteer oor die toekomstige ontrouheid van Israel en ook die verwerping en vloek wat die volk in ruil daarvoor sal kry. En te midde van alles sal die volk aan die einde van vers 17 vra:

**“Hierdie plaë tref my omdat my God nie by my is nie.”** (Deuteronomium 31:17b AFR83)

Nie baie opbouende woorde nie ... Om Israel te weerhou van afgodery is soos om vlieë van 'n verrottende karkas af weg te kry. Nie eers die beste aardse leiers kan die sondige hart van 'n mens verander nie.

Na aanleiding van Israel se aanhoudende neiging tot selfaanbidding en selfbehepthed sê God vir Moses in vers 19 om 'n lied te skryf en dit vir die mense te leer. Die meeste van ons kan die krag van musiek en liedere waardeer. 'n Lied kan ons siel laat sweef en woorde in ons geheue inbrand soos niks anders nie. Nogtans sou Moses se lied nie enige pryse op 'n ligtemusiek-wedstryd wen nie. Inteendeel, dis maar so neerslagtig soos net 'blues' kan wees, aangesien dit as getuie dien van Israel se afvalligheid.

**“Wanneer Ek vir Israel gebring het in die land wat Ek aan sy voorvaders met 'n eed beloof het, die land wat oorloop van melk en heuning, sal Israel genoeg eet en lekker lewe en dan sal hy ander gode aanhang en hulle dien. Hulle sal My minag en my verbond verbreek.”** (Deuteronomium 31:20 AFR83).

Is Israel se optrede nie hier 'n aanduiding van die menslike natuur nie? Ons natuur? Die lewe is goed, ons word oorweldig en versadig deur die genot van die lewe, en God is net 'n nagedagte, soms heeltelmal verruil vir iets of iemand anders.

God weet wat in Israel se hart omgaan, vers 21. Moses se lied is bedoel om die volk te konfronteer oor sy euwels en moeilikhede, as 'n getuie van sy verwerping van God en sy Woord.

**“Moses het daardie selfde nag nog die lied opgeteken en vir die Israeliete geleer.”**  
(Deuteronomium 31:22 AFR83)

Maar God se regspraak teen Israel eindig nie by Moses se lied nie. Ons kry die lied in Deuteronomium 32, maar dit sluit ook die hele wetboek in. Hoe kan Israel die wet met al die aantygings ooit vergeet? Die wet – die ou Verbond van God – is uiteraard 'n getuie teen die opstandige en hardkoppige hart van die mensdom. Daarom beveel Moses die Leviete in vers 25 om die wet te vat en dit in die ark te sit as getuie van die afgodery van die Israeliete. Soos God, weet Moses dat die Israeliete die wet sal verwerp wat hy onvermoeid aan hulle voorgehou het. En hy weet vir seker dat die vurige toorn van God sal volg.

Geliefdes, ons kan God dank vir sy genade dat Israel en die Beloofde Land nie die einde van God se plan vir sy mense is nie! Alhoewel God Israel as 'n volk, as gevolg van hulle opstandigheid verlaat het, het Hy nooit dié wat werklik in sy belofte wat Hy aan ons voorvader Abraham gemaak het, glo nie. Hoekom?

Want die aanstelling en bediening van Moses en Josua was 'n blik op die koms van die Messias, die Een wat uiteindelik sy volk volkome sou bevry. Terwyl God vir Moses en Josua, twee sondige, sterflike, aardse wesens, aangestel het, het die Vader sy Eniggebore Seun, wat voor alle tye al deel was van die Drie-eenheid gestuur: om sondaars te red, ek en jy ingesluit, van die vloek van die wet.

Geliefdes, Jesus het sy volmaakte doel vervul deurdat Hy die aantygings in die Mosaïese verbond, die wet, stilgemaak het. Hierdeur bekragtig Hy die belofte wat God aan Abraham, aan Israel, en aan ons gemaak het. Weet jy wat dit beteken? Dit beteken dat ons “sterk en dapper” kan wees as ons die toekoms in die gesig staar. Ons hoef nie bang te wees vir die oordeel van God of van ander mense nie, want Jesus bevestig God se belofte:

**“Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.”**

(Hebreërs 13:5 AFR83; vergelyk Josua 1:5).

In die Nuwe Testament en met Jesus het ons dieselfde goddelike oproep wat ons in ons teks uit Deuteronomium vind. Maar in vergelyking met Moses onder die ou verbond, stel God vandag predikers aan volgens 'n beter Woord. Luister na wat Jesus sê in die opdrag aan Sy dissipels en die kerk in Matteus 28:18-20:

**“Aan my is alle mag gegee in die hemel en op aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”**

(Matteus 28:18-20 AFR83)

Let op dat hierdie opdrag aan 'n bediening is wat deur die Woord van God gerig word, en dat Jesus by sy kerk sal wees, altyd, tot aan die voleinding van die wêreld.

En later, toe Jesus se vroegste bediening verby is, het Hy sy Gees gestuur om mense te self en aan te stel om sy bediening van die Woord voort te sit. Die apostel Paulus was een van hierdie mense. Hy het 'n ongelooflike rol gespeel in die begin van die Nuwe-Testamentiese kerk. En deur die loop van sy bediening, het hy – nes Moses en Josua – die fakkelaar aangegee na getroue predikers soos Timoteus en Titus. Wanneer hy Timoteus in 2 Timoteus 4 aanstel, maan hy die jong Timoteus om die Woord van God te preek en nie wat mense wil hoor nie.

Geheilgdes, kom ons onthou dat Jesus vandag nog steeds met ons is. Hoe? Deur die Gees-vervulde bediening van sy Woord wat Hy begin het met sy dissipels en apostels en nou toevertrou in die hande van geroepe predikers. Dit is hoe ons weet dat God “ons nie verlaat nie”! Hy het en gee steeds sy Seun deur die Woord wat gepreek word en die sakramente wat bedien word.

Laat ons dan anders wees as Israel wat God en sy Woord verlaat het deur hulle geestelike ontrouheid. Kom ons wees nie oormatig bekoor deur, of ontevrede met, die leiers wat God oor ons geplaas het nie. Kom ons kyk eerder verby die boodskapper na die Een wat hy verkondig – ons Redder, Jesus Christus. Mag die Woord van God voldoende wees in ons lewens, en mag godsaligheid teenwoordig wees in hierdie bese wêreld.

Kom ons veg teen die versoekings wat ons elke dag oorweldig om Christus te vergeet, om sy Woord te vergeet, en sy kerk – wat ons roep om vol en versadig te word van die verbygaande genietinge van die wêreld.

Want, geliefdes, onthou dat die hemel self, die nuwe Jerusalem, op ons wag. Dit is waar God is, in wie se teenwoordigheid vreugde en plesier honderdvoudig is. Tot dan is ons 'n pelgrimsvolk wat deur God se Woord gelei word:

In die geloof moet ons na die Woord luister en dit ken.

Ons moet ons kinders daarvan leer sodat hulle dit mag ken en nie vergeet nie.

Ons moet dit sing sodat dit in ons harte en siele ingegraveer kan word en ons nooit daarvan geskei kan word nie.

Broeders en susters, kinders, laat ons ons nie begewe in plesiere wat ons sintuie net vir 'n oomblik prikkel nie, maar laat ons eerder feesvier in Christus wat ons ewige spys en drank is. En laat ons dit doen deur geseënde en opgeleide predikante. Laat ons God dank vir sy kerk en sy evangelie. Maar die belangrikste van alles, laat ons dankbaar wees vir Jesus wat die "ja en amen" op al God se beloftes is, die skrywer en vervulling van die kerk.

**Amen**

**Slotgebed**

**Barmhartigheidsdiens**

**Slotsang: Skrifberyming 1-4:1-4**

- 1 Die regte tyd het aangebreek, / die tyd deur God bestem –  
die Vader stuur vir ons sy Seun / as kind na Betlehem.
- 2 Vir ons gebore as 'n mens, / kom Hy in ons belang –  
Hy koop ons vry, dat God ook ons / as kinders kan ontvang.
- 3 God maak ons kind en erfgenaam, / Hy stuur vir ons sy Gees.  
Ons kan Hom nou ons Vader noem; / aan Hom gehoorsaam wees.
- 4 O Vader, al die lof en eer / en dank wil ons U bring;  
van al u vrede, liefde, guns / sal ons vir ewig sing!

Die HERE sal julle seën en julle beskerm; die HERE sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die HERE sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!  
(Numeri 6:24-26 AFR83)

**Ds Simon Jooste**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**Datum: 19 Januarie 2014**